Saterdag **6 April**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 17:31-51**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 17:36,37 (AFR53)**

**Ervaringskennis lei tot Verbondsoutoriteit**

In hierdie gedeelte gebruik Dawid voortdurend God se Verbondsnaam "Jahweh". Dawid is terdeë bewus van die HERE se verbond met Israel. En as Nuwe-Testamentiese volk van God (kerk), het Hy ook met ons 'n nuwe verbond gesluit deur Christus wat die straf op ons verbondsverbreking op Homself geneem het aan die kruis.

Ongelukkig kan 'n verbondskind van die HERE slegs intellektuele kennis van die verbond hê, maar het nie ervaringskennis van die verbond nie. So het Saul en die hele leër van Israel slegs intellektuele kennis van die HERE se verbond gehad en dit het hulle niks gebaat toe Goliat hulle uitgedaag het nie. Saul was eintlik die aangewese Israeliet wat teen Goliat moes veg, want hy was 'n kop langer as die ander Israeliete (1 Sam. 10:23).

Dawid reageer egter anders op Goliat se uitdaging as Saul. Wat was die verskil? Beide het dieselfde God aanbid en beide was besny as teken van dieselfde verbond.

Die verskil was: Dawid het ervaringskennis gehad dat die HERE getrou bly aan die beloftes wat Hy in sy verbond gemaak het. Hy het ervaring van die verbond en gesien hoe die HERE hom gered het uit die kloue van die leeu en die beer (vs 36, 37). Hy beoordeel alles vanuit die verbond met die HERE en noem daarom vir Goliat 'n onbesnede Filistyn. Dawid herinner die Israeliete dat Goliat slegs 'n man was wat veg met menslike krag, sonder enige verbondsoutoriteit of krag van God.

Mense sonder ervaringskennis van die verbond vra: "Wat gaan ons doen?" Dawid aan die anderkant vra: "Wat het God gesê? As ek weet wat God in sy verbond gesê het, dan weet ek wat God sal doen!"

As kinders van God se nuwe verbond in Jesus, hoef ons ons nie te bekommer hoe God oorwinning gaan bring in 'n situasie nie. Nee, ons moet slegs ons verbondsoutoriteit gebruik om God se beloftes in sy Woord vry te laat.

*Sing: Psalm 33-1:2, 5*

*Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)*